

Nomades Voetslaanklub Roeteterugvoer

Badplaas

Kuier naweek met 'n dagstappie.
14-19 Junie 2017.



Norma Grotius, Erna Lubbinge, Elsabe During en Wilna Moolman slaap luuks in die rondawel vir 4 nagte(15-19Junie). Fritz van Deventer, Gelga Gombert, Paul en Dianne Herbst; Dave en Wilma Hale kamp. Marli en Elize moes ongelukkig op kort kennisgewing kansleer. Dus 4 rondawelslapers en 6 tenters. Wouter Crous kom kuier ook saam.



Fritz vertel ons meer, baie dankie.

“Sommige van ons het al vroegdag deurgery en voor middag ons tente staan gemaak – en na 'n bier gaan swem in die warm water. Paul en Diane – ons nuwe ou vriende – of ou nuwe vriende – wat ookal die beste klink, het die tog as 'n dagreis aangepak. Hulle het die eerste 2 ure voor Toyota garage deurgebring (probleme met remme gehad) en daarna met die woonwa deurgesleep.



Die ander mede kampers was Dave en Wilma. Wouter was die hotel-bewoner wat ons ook kom besoek het. Sy motorfiets se kabel het te koud gekry en hy het met sy bakkie gekom.

Die kampplek was op 'n hoogte met 'n wye uitsig oor die rivier en berg van die natuur reservaat.

In die aande het 'n groot drom braai effens hitte verskaf wat ons saam met die hut-bewoners gedeel het. Die hut-bewoners het vir die kampers komberse verskaf om die koue in toom te hou.

Tiptolle, mossies en hadidas het deurentyd ons kampplek gedeel.

Vrydag oggend, 'n koel bewolkte dag, het ons die roete in die natuur reservaat op 'n gerieflike grondpad, 5 km in en dan dieselfde pad terug gestap. Die waterval is besonders wat ons op 'n afstand aanskou het. Die hartbeeste het ons aanskou wat begin afpaar het, waar die rammetjies hul totoriale gebied instand gehou het – opwag vir 'n ootjie wat hom as die een net vir haar sou kom uitkies – as afspring punt vir die volgende geslag..

Die pad se omdraai is by 'n dammetjie, waar ons die kolgaanse verjaag het en weereens geëet het.


Terug by die kamp het 'n flying fish die ding gedoen.

Die volgende dag was daar slegs 4 (van die 11 “hikers” wat die 2de dag gestap het. Dit was 'n sonskyn dag en meer voëls was sigbaar.

Die kampers het nog fit oorgehad en die ringkals aangepak. Sy lyf was koud maar deur die stroomversnellings en adranalien was dit gou vergete...

Die plons in die warm water het lomerigheid deur ons laatvloei en 'n gemoedelikheid laat toesak.

Die spa baddens is ook besonders waar ons in loom-gedagtegang kon wegvloei..”



Elsabe vertel op die Julie klubaand dat dit nie werklik 'n stapnaweek was nie. Sommer net 'n lekker kuiernaweek. Die natuurreservaat deel is sowat 1400 hektaar en redelik gelyk waar 9 van die stappers die Vrydag gaan stap het. Sowat 10km uit en tuis. Erna pas kamp op. Saterdag arriveer Wouter ook en Elsabe, Wouter, Fritz en Norna gaan Saterdag weer stap in die reservaat. Weer so 'n 10km se stappie.



Saterdag middag gaan 'n paar avontuurlustiges ook bietjie vierwielmotorfiets ry. Die middag/aande maak die groep goed gebruik van die warm en warmer swembaddens. Elsabe waarsku net teen die kwaai 'body guards' by veral die warm swembaddens wat jou op skerms dophou en gou kom aanspreek met 'n 'attitude' as jy bommies maak, inspring, waterspat of te hard praat!

Sondag het Erna, Norma, Elsabe en Wilna per voertuig bietjie deur die natuurreservaat gaan ry en baie diere gesien.

Intresant is ook die enkel boompie wat jy op 'n andersins kaal koppie daar naby buite die reservaat sal sien. Die omie wat die vierwielmotorfiets hanteer het sy oorlede vrou se as daar gaan strooi en ter herdenking aan haar, die boompie daar gaan plant per perd saam met 'n vriend sodat hy haar altyd kan onthou.

Wilna het direk by Forever resorts bespreek. www.ForEverBadplaas.co.za 017 844 8000 badplaas@foreversa.co.za



Finansies:

Gelde in:

R10,085

Rondawel (3920)+Tentstaanplek 4 dae (R3445)+
Tentstaanplek 3 dae (R2640) + R80.

Gelde uit:

R 9,535

Rondawel 4 nagte, 4 persone (15-19 Jun)	R3550
Kampeerterein 3 nagte, 4 persone (15-18 Jun)	R2160
Kampeerterein 4 nagte, 4 persone (14-18 Jun)	R3095
Oorbetal R8805-R385 (te Veel wat vir o.a. ondegenoemde gebruik word)	R8420 (Verblyf)
BraaiDrom huur vir 4 dae.	R 200
Stapfooi R30 per persoon x 11	R 330
Ekstra voertuig R50x4dae	R 200
Hout 8sakke (R200); Charcole 4sakke (R140)	
Aanstekers (R45)	R 385

R1115

Projek surplus: R550 (5.4% van inkomste)

Dankie Wilna ook vir die Fotos.

Stapgroete.

Marius.

Vir Nomades Voetslaanclub.

Sien www.nomades.co.za vir meer stapverslae, jaarprogramme, kontakligting en meer.

2017-08-02

